NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 19 - Julie 2008

Finansiële resultate verras

NWK het in die afgelope jaar 'n groepwins, na belasting, van R106,8 miljoen getoon. Gemeet teenoor die vorige finansiële jaar, is dit 'n styging van 49%.

"Alhoewel graanontvangste gedurende die jaar die laagste in 15 jaar was, kon die graansegment steeds daarin slaag om 'n positiewe bydrae tot die groepresultate te maak.

"Die handelsegment het nie net die begroting oorskry nie, maar die grootste bydrae nóg tot die groepwins gemaak. Nuwe geleenthede, goeie aankoopstrategieë en koste- en voorraadbestuur het tot dié uitsonderlike prestasie bygedra.

"Die nywerheidsegment se wesenlike bydrae tot die groepwins kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat Epko gunstige marktoestande benut het en Noordwes Voere, wat sedert die begin van die finansiële jaar 'n volfiliaal van NWK Beperk is, 'n sterk vraag na veevoer van gehalte ondervind het," het Theo Rabe (finansiële direkteur) gesê.

Volgens Theo het die daarstelling van termynstrukturering van oorlaatskuld vir kwalifiserende produsente, tesame met verhoogde aanplantings en styging van insetkoste, 'n drastiese toename in debiteure en lenings tot gevolg gehad. Die kredietverskaffingsegment se toename in bydrae tot die groepwins kan hieraan en aan die verhogings in rentekoerse toegeskryf word.

Dividende

Die direksie het 'n spesiale dividend van 4 sent per aandeel en 'n finale dividend van 19 sent per aandeel voorgestel wat tydens die algemene jaarvergadering op 20 Junie goedgekeur is.

Vooruitskouing

Die verhoogde graanhantering in die komende seisoen tesame met die beplande hoenderprojek, Opti Chicks, laat NWK opgewonde oor die toekoms.

Bestuur opbergingskoste só

Produsente wat hul graan wil opberg om potensiële prysstygings later in die seisoen te kan benut, kan van NWK Graan se uitgestelde beprysingskema gebruik maak.

Volgens Thean Geldenhuys (graanhandelaar: NWK Graan) is opbergingskoste 'n uitgawe wat 'n belangrike rol in die besluitneming van produsente speel, veral wanneer graanpryse laag is. Verskillende opsies kan oorweeg word om hierdie koste te bestuur.

Indien graanpryse voor of tydens oestyd op aanvaarbare vlakke vasgemaak kan word, is dit nie nodig om enige opbergingskoste te betaal nie. Die graan word onmiddellik by lewering verkoop en na die koper se rekening oorgedra. Die produsent betaal slegs hanteringskoste.

As graanpryse egter nie voor of tydens oestyd op aanvaarbare vlakke verhandel nie en verwag word dat pryse later in die seisoen kan styg, kan produsente hulle graan opberg om later die ekstra waarde van die graan te ontgin. Thean verduidelik hoe produsente die opbergingskoste kan minimaliseer:

Die eerste alternatief wat oorweeg kan word, is om van die vaste opbergingstarief wat die silo-eienaar vra, gebruik te maak. Die opbergingskoste word vasgemaak op 'n vlak van ongeveer drie maande se opbergingskoste, gebaseer op die huidige dagtarief.

Die tweede alternatief is om van die geleenthede op die termynbeurs gebruik te maak om die opbergingskoste te beperk, eerder as om die graan dadelik te verkoop. NWK Graan se uitgestelde beprysingskema stel produsente in staat om die drakoste van die graan, wat in 'n later stadium in die seisoen verkoop gaan word, te beperk. Drakoste behels nie net opbergingskoste nie, maar ook die geleentheidskoste van kapitaal wat in die graan vasgevang is.

Drakoste bestaan uit die verskil tussen die prys waarteen 'n termynkontrak in die kontantmaand gekoop kan word en die prys waarteen dit in 'n later maand, byvoorbeeld Desember, verkoop kan word.

Hierdie prysverskil of die sogenaamde "kalenderverspreiding" of *spread* wissel daagliks. By tye is die kalenderverspreiding kleiner as die werklike drakoste. Die graan kan dan

▶ 3

NWK
U tevredenheid is ons trots

Waarheen hardloop insetkoste die seisoen met ons?

Alle aanduidings is dat brandstof- en rentekoerse in 'n opwaartse kurwe is, wat 'n direkte invloed op produksiekoste het. Daarmee saam het insetkoste in vergelyking met die 2007/2008-produksieseisoen, ook opwaarts beweeg. Die vraag is: Met hoeveel rand en tot waar gaan insette se pryse beweeg?

Michael van Rooyen (landbou-ekonoom by Landboubestuursdienste) het voorlopige produksiekostebegrotings opgestel om 'n idee te probeer vorm van die onsekerheid rondom die verwagte insetkoste.

Vir begrotingsdoeleindes is rentekoerse teen 16,5% bereken, terwyl diesel teen 'n gemiddelde pompprys van R12/ℓ gebruik is. 'n Beplanningsopbrengs vir droëlandmielies van 3 ton/ha en 1,5 ton/ha vir droëlandsonneblom is gebruik om die berekeninge te vergemaklik.

Produksiekoste – Droëlandmielies

Die begrote koste vir die 2008/2009-produksieseisoen word in **Tabel 1** weergegee. Die totale veranderlike koste beloop R3 731/ha. 'n Verwagte Safex-prys van R2 000/ton is gebruik, wat min of meer R1 850/ton in die produsent se sak beteken. Indien die prys realiseer, teen die begrote veranderlike insetkoste, moet die produsent 'n minimum van 2,02 ton/ha stroop om gelyk te breek.

Produsente moet besef dat hierdie gelykbreekopbrengs nie voorsiening vir vaste koste (gereelde arbeid, versekering en lisensies, depresiasie en diverse koste) en lewenskoste maak nie. Sou 'n opbrengs van 3 ton/ha behaal word, sal 'n gelykbreekprys van R1 244/ton voldoende wees om veranderlike insetkoste te delg.

In **Tabel 2** word die begrote veranderlike insetkoste van die 2008/2009-seisoen met die begrote syfers van 2007/2008 vergelyk. Die totale begrote veranderlike insetkoste het met R1 539/ha, vanaf R2 192/ha na R3 731/ha, toegeneem.

Indien 2007/2008 se begrote veranderlike insetkoste met 2008/2009 se begrote syfers vergelyk word (**Tabel 3**), is die insette met die kleinste toenames saad en losarbeid, wat na verwagting onderskeidelik met 11,14% en 10% gaan toeneem.

Die drie insette wat klaarblyklik die meeste gaan toeneem is kunsmis met 125,46%, die rentekoers tesame met die effek van rente op die verhoogde produksiekoste met 102,79% en brandstof met 87,06%. Die totale begrote veranderlike insetkoste gaan na verwagting met 70,18% toeneem.

Produksiekoste – Droëlandsonneblom

Die begrote koste vir die 2008/2009-produksieseisoen word in **Tabel 4** uiteen gesit. Die totale begrote veranderlike insetkoste gaan R3 232/ha wees. 'n Verwagte Safex-prys van R4 520/ton is gebruik, wat

▶ 3

Tabel 1: Veranderlike insetkoste vir mielies (2008/2009) met 'n beplanningsopbrengs van 3 ton/ha; Lichtenburg (streek 2) in R/ha.

Begrote opbrengs (ton/ha)	3
Veranderlike insetkoste	**2008/2009**
Saad	R399
Kunsmis	R1 337
Onkruid en plaag	R236
Inset- en haelversekering	R283
Brandstof	R694
Herstel en onderhoud	R333
Rente	R363
Losarbeid	R86
	R3 731
Produkprys/ton	**R1 850**
Gelykbreekopbrengs (ton/ha)	**2,02**
Gelykbreekprys/ton	**R1 244**

Tabel 2: 'n Vergelyking tussen 2007/2008 en 2008/2009 se begrote veranderlike insetkoste vir mielies met 'n beplanningsopbrengs van 3 ton/ha; Lichtenburg (streek 2) in R/ha.

Veranderlike insetkoste	2007/2008	2008/2009
Saad	R359	R399
Kunsmis	R593	R1 337
Onkruid en plaag	R140	R236
Inset- en haelversekering	R191	R283
Brandstof	R371	R694
Herstel en onderhoud	R282	R333
Rente	R179	R363
Losarbeid	R77	R86
	R2 192	**R3 731**
Verskil		**R1 539**

Tabel 3: Verwagte toename in begrote veranderlike insetkoste vir mielies vanaf 2007/2008 na 2008/2009 met 'n beplanningsopbrengs van 3 ton/ha; Lichtenburg (streek 2) in R/ha.

Veranderlike insetkoste	2008/2009
Saad	11,14%
Kunsmis	125,46%
Onkruid en plaag	68,57%
Inset- en haelversekering	48,17%
Brandstof	87,06%
Herstel en onderhoud	18,09%
Rente	102,79%
Losarbeid	10,00%
Totaal	**70,18%**

Tabel 4: Veranderlike insetkoste vir sonneblom (2008/2009) met 'n beplanningsopbrengs van 1,5 ton/ha; Lichtenburg (streek 2) in R/ha.

Begrote opbrengs (ton/ha)	1,5
Veranderlike insetkoste	**2008/2009**
Saad	R171
Kunsmis	R1 191
Onkruid en plaag	R119
Haelversekering	R230
Brandstof	R762
Herstel en onderhoud	R403
Rente	R311
Losarbeid	R45
	R3 232
Produkprys/ton	**R4 370**
Gelykbreekopbrengs (ton/ha)	**0,74**
Gelykbreekprys/ton	**R2 155**

Tabel 5: 'n Vergelyking tussen 2007/2008 en 2008/2009 se begrote veranderlike insetkoste vir sonneblom met 'n beplanningsopbrengs van 1,5 ton/ha; Lichtenburg (streek 2) in R/ha.

Veranderlike insetkoste	2007/2008	2008/2009
Saad	R149	R171
Kunsmis	R531	R1 191
Onkruid en plaag	R84	R119
Haelversekering	R132	R230
Brandstof	R408	R762
Herstel en onderhoud	R348	R403
Rente	R144	R311
Losarbeid	R40	R45
	R1 836	**R3 232**
Verskil		**R1 396**

Maak jou lande dadelik skoon

Saaigronde het vanjaar heelwat vog in die ondergrond. Hierdie grondvog is belangrik in die stabilisering van die volgende seisoen se aanplanting. Die grootste enkele vermorser van grondvog is onkruid en in die huidige situasie, winteronkruid.

Volgens Martiens du Plessis (grondkundige by Landboubestuursdienste) is dit baie raadsaam om direk na stroop die lande skoon te maak.

"Om beheer met slegs een week uit te stel, maak reeds só 'n groot verskil in die oorgedraagde vog, dat dit die koste van 'n skoffelbewerking klaar geregverdig het," het hy gesê.

'n Skottelimplement, wat voldoende penetreer, is gewoonlik effektief en het die voordeel dat dit die oesreste met grond vermeng wat verhoed dat dit wegwaai.

Die nadeel hiervan is dat dit die weibaarheid van die oesreste benadeel. Indien die implement nie voldoende penetreer nie, word rytjies onkruid, wat net effens toegegooi is, tussen die skottels agtergelaat.

Die ander alternatief is 'n beitelploeg met vlerkskare wat op die harde grondlagie loop en die onkruide se stammetjies net onder die grond afsny.

"Die vlerkskare moet voldoende oorvleuel en plat bly loop. Vlerkskare wat op hulle neuse loop, laat ook rytjies onkruid agter. Die voordeel van hierdie alternatief is dat dit nie die weibaarheid van die lande noemenswaardig benadeel nie," verduidelik Martiens.

"Die chemiese beheer van groterige winteronkruid is dikwels nie effektief nie omdat die onkruid nie aktief genoeg groei om die onkruiddoder op te neem en te translokeer nie. Maak dus seker dat die dosis voldoende is om die land skoon te spuit," raai hy produsente aan.

Kontak hom by (018) 633-1154 of 072 285 5414 vir raad oor die beheer van winteronkruid.

Gelukwensing

Baie geluk aan Arno van Vuuren (bestuurder: Landboubestuursdienste) wat herverkies is tot die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie (SAVG).

Opbergingskoste

1

goedkoper op die termynbeurs gedra word as in 'n silo.

Met NWK Graan se uitgestelde beprysingskema kan hierdie geleenthede in die termynmark gebruik word. NWK Graan se uitgestelde beprysingskema bied aan produsente die geleentheid om graan, met die oog op potensiële prysstygings, later in die seisoen te prys, minimum prysvlakke vas te stel as beskerming teen die risiko van moontlike prysdalings en om voorskotte te trek vir die nakom van korttermyn kontantverpligtinge.

Lees die volledige artikel in die Junie/Julie-uitgawe van *Noordwes Nuus* of skakel jou graanhandelaar by (018) 633-1030 vir meer inligting.

Waarheen hardloop insetkoste die seisoen met ons?

2

min of meer R4 370/ton in die produsent se sak beteken. Indien dié prys realiseer, moet die produsent 'n minimum van 0,74 ton/ha stroop om gelyk te breek.

Dié gelykbreekopbrengs maak egter nie voorsiening vir vaste koste en lewenskoste nie. Sou 'n opbrengs van 1,5 ton/ha behaal word, sal 'n gelykbreekprys van R2 155/ton voldoende wees om veranderlike insetkoste te dek.

In **Tabel 5** word die begrote veranderlike koste van die 2008/2009-seisoen met die begrote syfers van 2007/2008 vergelyk. Die totale begrote veranderlike insetkoste het met R1 396/ha, vanaf R1 836/ha na R3 232/ha, toegeneem.

Indien 2007/2008 se begrote veranderlike insetkoste met 2008/2009 se begrote syfers vergelyk word (**Tabel 6**), is die insette met die kleinste toenames saad en losarbeid, wat na verwagting onderskeidelik met 14,77% en 10% gaan toeneem.

Soos by droëlandmielies is die drie insette wat klaarblyklik die meeste gaan toeneem kunsmis (124,29%), die rentekoers tesame met die effek van rente op die verhoogde produksiekoste (115,97%) en brandstof (86,76%). Die totale begrote veranderlike insetkoste gaan na verwagting met 76,03% toeneem.

Gevolgtrekking

Alle aanduidinge is dat dit baie meer gaan kos om mielies en sonneblom in 2008/2009 te produseer as wat dit was om in 2007/2008 te produseer.

Bewerkingspraktyke gaan in die komende seisoen krities wees. Onnodige bewerkingspraktyke kan teen die huidige brandstofkoste 'n groot hap uit die potensiële lae marges vat.

Navrae kan aan Michael van Rooyen gerig word by (018) 633-1145 of *michael@nwk.co.za.*

Tabel 6: Verwagte toename in begrote veranderlike insetkoste vir sonneblom vanaf 2007/2008 na 2008/2009 met 'n beplanningsopbrengs van 1,5 ton/ha; Lichtenburg (streek 2) in R/ha.

Veranderlike insetkoste	2008/2009
Saad	14,77%
Kunsmis	124,29%
Onkruid en plaag	41,67%
Haelversekering	74,24%
Brandstof	86,76%
Herstel en onderhoud	15,80%
Rente	115,97%
Losarbeid	10,00%
Totaal	**76,03%**

Landbou-wenke

Produsente moet gedurende Julie en Augustus onthou om hieraan aandag te gee:

Akkerbou

- Die beheer van winteronkruide moet so spoedig moontlik, na die insameling van die huidige oes, gedoen word om vog vir die komende seisoen te bewaar.
- Winterploeg lande wat genoeg vog bevat.
- Koringprodusente moet oppas vir loging van kunsmis vroeg in die seisoen (spilpunte – te veel water op 'n slag).
- Koringprodusente moet grondprofiele voor plant goed natmaak sodat daar met 'n profiel vol water begin kan word.
- Produsente moet vroegtydig aansoek vir produksielenings doen. Doen ook vroegtydig die nodige aanpassings vir insetpryse wat baie gestyg het.

Veekunde

- Die bulle moet vir vrugbaarheid asook geslagsiektes getoets word sodat hulle teen September, wanneer die verse gedek moet word, dekgereed kan wees.
- Weeg al die vervangingsverse sodat dié wat swaar genoeg is, gereed gemaak kan word om teen September te dek. Kondisietellings, ontwurming en vitamien A-aanvullings moet gedoen word.
- Ent alle jong diere in teen drie-daagstywesiekte en knopvelsiekte.

Weidings

- Bepaal watter weidingskampe die volgende somerseisoen 'n seisoensrus moet kry. Hulle moet gedurende die laaste deel van die winter streng bewei word om al die dooie materiaal te benut en van die veld te verwyder.
- Dra sorg dat die bemesting vir die kampe wat die volgende somer bemes gaan word, op die plaas afgelewer word.
- Hou vol met die gee van winterlek vir die diere.

Besproeiing: doen nou onderhoud

Produsente wat besproeiing deur middel van spilpunte doen, kan gerus in stil tye aandag aan die volgende aspekte gee:

Pompstasie

- Gaan die seëls na vir waterlekke.
- Het die pomp nog olie in? Vervang die olie indien nodig.
- Is al die boute vas? Vibrasie laat moere los kom.
- Is die waaier van die elektriese motor in 'n goeie toestand?
- Nadat vloeibare kunsmis gebruik is, moet die toerusting deeglik met skoon water gewas word. Die suur in die mengsels sal die yster laat roes.
- Sorg dat die pompkamer en toerusting nie tydens lekkasie onder water is nie – kortsluitings kan voorkom.

Pyplyne

- Gaan pyplyne en koppelings na vir lekkasies.

Spilpunt

- Gaan die senter na vir lekke en ghries die skarnier as daar 'n ghriespunt is.
- Verseker dat die rubberkoppelings tussen die torings in 'n goeie toestand is.
- Vervang die olie in die aandryfratkaste – kondensasie van water vind binne in dit plaas.
- Gaan die rubberkoppelstukke by die aandrywings na.
- Gaan die bande na – modder kan in die klep pak wat stadige lekkasie veroorsaak.
- Sproeiers en valarms haak soms aan mieliesade en breek af – vervang sproeiers.
- Spuitstukke (*nozzels*) slyt met die tyd – vervang dit indien toediening onegalig is.
- Spuitstukke raak verstop, veral op die verste punte (oorhang) – maak dit skoon. (Kringe is waarneembaar in die gewasse: gewoonlik is gewasgroei swakker daar).
- Gaan die bedrading na. Voëls maak bo in die "kop" nes – verwyder die neste.

Besproeiingstoerusting is duur toerusting en moet dus gereeld in stand gehou word. Water is 'n skaars kommoditeit en lekkasies lei tot onnodige vermorsing asook elektrisiteitskoste.

Handel

LandMark winkel geopen

Op 24 April vanjaar is NWK se eerste LandMark winkel geopen. Tydens die opening op Ottosdal het Dirk Lotter (direkteur: Handel) gesê dat van die vernaamste redes vir dié stap is om 'n beter inkopie-ervaring vir die klante te bied.

Verder word produkaanbieding en winkeluitleg volgens neergelegde norme gedoen en gehandhaaf. Personeel sal ook geakkrediteerde bestuurs- en verkoopsopleiding ontvang en die handelswinkel vorm deel van 'n nasionale handelsmerk wat daartoe bydra dat voordeel uit die krag van gesamentlike bemarking getrek word.

Brand Theunissen (besturende direkteur: Agrinet), het tydens die opening NWK bedank wat die eerste landboumaatskappy is wat die besluit geneem het om sy totale kleinhandelnetwerk na LandMark winkels om te skakel.

Dirk Lotter (direkteur: NWK Handel), Danie Marais (besturende direkteur: NWK), Brand Theunissen (besturende direkteur: Agrinet) en Heinrich Krüger (voorsitter: NWK direksie) deel 'n ligte oomblik tydens die opening.

NWK beplan om 17 handelswinkels na die nuwe konsep om te skakel. Koster is die volgende winkel wat hiervolgens omgeskakel gaan word.

Verskans jou koringoes gou

Die stygende pryse van produksiemiddele maak dat 'n produsent eintlik nie meer enige gewas kan plant sonder om dit teen die natuurelemente te verskans nie.

Willie Louw (assistent bestuurder: Versekering) sê dat insetkoste- of multi risiko-versekering gelukkig ook vir koring onder besproeiing beskikbaar is.

"Dit is egter belangrik om daarop te let dat, in teenstelling met somergewasse, droogte uitgesluit word as versekerde gevaar aangesien die produsent in beheer van die water is," verduidelik hy.

Dekking vir skade aan ongeoeste lande word wel teen wind, ryp, lae temperature, oormaat reën, hittegolwe, onbeheerbare plantsiektes en plae verleen, mits normale, goeie boerderypraktyke toegepas word. Haelversekering, vir skade veroorsaak deur die direkte meganisasie aksie van hael, is ook by hierdie dekking ingesluit.

Willie sê dat agentskapooreenkomste met die vier grootste oesversekeraars, Santam Agri (ARS), Agricola, Mutual & Federal Agri en ABSA/Acua, aangegaan is om in elke produsent se behoefte te voorsien.

Hy wys ook op die volgende voordeel vir diegene wat slegs haelversekering wil uitneem: "Produsente wat van finansiering deur NWK gebruik maak, se premies word eers 45 dae ná 30 September gedebiteer. Die premie is dus eers betaalbaar wanneer die oes al amper ingesamel word."

Produsente word aangemoedig om hul koring sommer onmiddellik na plant te verseker. Gaan maak dus 'n draai by jou plaaslike NWK Versekeringsadviseur en kry gemoedsrus. Skakel NWK Versekeringsmakelaars by (018) 633-1207.

Versekerings-wenk

Voorkom gebarste warmwater-toestelle en waterpype deur dit met 'n ou kombers of sakke toe te maak. Jy sal ook elektrisiteit bespaar!

Kry eers die feite

Produsente moet nie oorhaastige besluite neem om van droë kunsmis na vloeibare kunsmis om te skakel nadat gerugte oor die beskikbaarheid van kunsmis die rondte doen nie. Só sê Dewald Steyn (fabrieksbestuurder: Vloeibare Kunsmis).

Ongelukkig is die gebruik van vloeibare kunsmis ook nie die antwoord op swak bestuur en verkeerde besluite nie. Dit verg juis groter betrokkenheid van die produsent om by te bly met ontwikkelings, onderhoud en die groot korrosiwiteit wat met die gebruik van die produk gepaard gaan.

"Kontak eers die fabriek en gesels met ons voordat drastiese veranderinge oorweeg word. Die beskikbaarheid van toerusting vir vloeibare kunsmis raak 'n probleem en dit gaan hand-aan-hand met die voorsiening van vloeibare kunsmis," het hy gesê.

Kom kuier lekker saam

As jy meer inligting oor vloeibare bemesting wil hê, moet jy beslis een van Vloeibare Kunsmis se inligtingsdae vir produsente op 21 Augustus en 11 September bywoon.

Tydens die inligtingsdae, wat by die aanleg op Lichtenburg gehou sal word, sal inligting oor vloeibare kunsmis en 'n prysperspektief oor kunsmiskoste gegee word.

Die nuwe 15 ton menger, wat die 8 ton menger vervang, sal ook teen die tyd geïnstalleer wees en produsente sal dit kan besigtig. Volgens Dewald Steyn (fabrieksbestuurder: Vloeibare Kunsmis) sal die nuwe menger die produksietempo by die fabriek aansienlik verhoog en só kompenseer vir pieke wat in die voorsiening van kunsmis aan klante verwag word.

Kontak gerus jou plaaslike verteenwoordiger vir meer inligting. Jy kan ook die aanleg skakel by (018) 632-4690 of 082 895 2788/9.

Groot gees gegroet

Frans Botes van NWK Versekeringsmakelaars op Koster het op 31 Mei die tuig neergelê.

Hy het 41 jaar gelede by die destydse Koster Koöperasie begin werk. Na ses jaar is hy oorgeplaas na die Versekeringsafdeling waar hy sedertdien en met die amalgamasie met Noordwes Koöperasie, die afgelope 35 jaar werksaam was.

Veldbrande – 'n groot winter risiko

Daan Hugo (Versekeringsbestuurder) herinner NWK klante aan die groot risiko van veldbrande gedurende die winter.

"Alhoewel ons 'n redelike nat, vroeë winter het, is die veld na 'n relatiewe goeie seisoen ruig met lang grasse. Veldbrande kan jou hele winter-spens in 'n kits verwoes en ernstige finansiële verliese tot gevolg hê," waarsku Daan.

Hy sê egter dat Santam Agri (die voormalige ARS) tot die produsent se redding gekom het met 'n produk wat hom teen só 'n risiko verskans.

"Die 'Brand op Weiveld'-produk is 'n goeie opsie om te verseker dat die vervangingswaarde van natuurlike weiding verskaf kan word indien weiding deur 'n brand vernietig sou word. Die produk is saamgestel om elke produsent se behoefte te pas en 'n keuse van drie, ses, nege of twaalf maande se weidingsvervanging (skadeloosstellingsperiode) kan gekoop word.

"Hierdie produk is onderhewig aan die Wet op Veld- en Bosbrande en dit is noodsaaklik dat produsente aan 'n Brandbeskermingsvereniging (BBV) of 'n georganiseerde landbou-organisasie (boerevereniging) behoort," het Daan gesê.

Meer inligting oor hierdie produk kan by jou NWK Versekeringsadviseur verkry word.

Ken jou handelsmerk – Deliko

Die Noordfed handelsnaam "Deliko" is 'n samestelling van die eerste twee letters van die dorpsname Delareyville, Lichtenburg en Koster.

Noordfed bemark onder hierdie handelsnaam kwaliteit suikerbone, gesplete erte, sopmengsel, wit harricot bone, wit nierbone, lensies, rys, stampmielies, springmielies en mielierys.

Hierdie produkte word veral gedurende die wintermaande in sop, gestoofde vleisgeregte en nog vele ander heerlike warm geregte gebruik.

Suiwer sonneblomolie van Epkor word ook onder dié handelsmerk bemark.

Epkor voorsien olie landswyd

Epkor, NWK se sonneblomolie-verfyningsaanleg in Johannesburg, is die enigste aanleg van sy soort in Suid-Afrika wat aan die SABS se standaard vir *Hazard Analysis and Critical Control Point System* (HACCP) voldoen.

By Epkor word ru-sonneblomolie verfyn en verpak. Schalk Brits (produksiebestuurder: Epkor) het *NWK Koördinaat* op 'n toer deur die aanleg geneem en die prosesse verduidelik.

Die aanleg is in 1999 gebou en Epko, 'n volfiliaal van NWK, het in 2001 'n 80% aandeel hierin gekoop en in 2005 100% aandeelhouding in die aanleg verkry. Epko het ook terselfdertyd 'n verpakkingsaanleg bekom.

140 ton olie word per dag by die verfyningsaanleg, wat 24 uur per dag sewe dae van die week operasioneel is, verwerk. As genoeg ru-olie beskikbaar is, kan die aanleg tot soveel as 168 ton olie per dag verwerk.

Die ru-sonneblomolie word per vragmotor van Epko Oil Seed Crushing op Lichtenburg na Johannesburg vervoer. Hier gaan die sonneblomolie deur drie prosesse voordat dit verpak word: Neutralisasie (waartydens die vrye vetsure geneutraliseer en die gomme verwyder word); winterfisering (waartydens die was uitgehaal word) en ontreuking (waartydens die reuk en smaak uitgehaal word). Hierna word die olie verpak.

Die aanleg beskik oor 'n eie laboratorium waar ontledings elke twee uur gedoen word om te verseker dat die sonneblomoliekwaliteit aan die HACCP-standaard voldoen.

Ongeveer 3 000 ton sonneblomolie word by die groot maat en 800 ton olie in bottels per maand verkoop. Die suiwer sonneblomolie word onder die Deliko handelsmerk bemark en die plantaardige olie (hoofsaaklik mieliekiemolie afkomstig van Lichtenburg) onder die Deliking handelsmerk. Deliko sonneblomolie en Deliking plantaardige olie is in die volgende verpakkings beskikbaar: 375 ml, 500 ml, 750 ml, 2 ℓ, 4 ℓ, 5 ℓ en 20 ℓ. Hierdie verpakkings is by NWK se handelswinkels en Score winkels beskikbaar.

Epkor verpak ook die sonneblomolie onder die Spar handelsnaam en voorsien olie aan onder andere Nando's, Spur, Unifood, I&J en Nestlé wat dit weer herverpak of die olie in die vervaardiging van hulle slaaisouse, margarien en mayonnaise gebruik.

Die afvalproduk, *soap stock*, word as byproduk aan veevoer- en seepvervaardigers verkoop.

Epkor se sonneblomolie word onder die Deliko handelsmerk bemark.

By Epkor in Johannesburg word sonneblomolie verfyn.

Algemeen

NWK help Migdol

NWK het onlangs bygedra tot die aanbou van die nuwe fasiliteite vir die Migdol boereklub. Hierdie fasiliteite sal ook tot voordeel van die gemeenskap aangewend word. Hier oorhandig Danie Marais (besturende direkteur: NWK) 'n gedenkplaat aan Fanie van Heerden (voorsitter: Migdol boereklub).

NW Voere: Groter kapasiteit

Noordwes Voere het einde Mei een van hul verpillingslyne opgegradeer.

Pierré Lombard (bestuurder: Noordwes Voere) vertel dat hulle 'n nuwe, hoëkapasiteit koeler ingesit het en die skudsif vervang het. Die krummelaar is ook opgegradeer.

Die pilmasjien is met 'n 6 mm matrys toegerus om pille vir herkouers en krummels vir braaikuikens te vervaardig.

Die ander verpillingslyn sal bly fokus op die vervaardiging van 4,5 mm pille vir die braaikuikenbedryf.

Kontak hulle by (018) 632-4053.

Reël finansiering vroegtydig

Die aansoekseisoen vir finansiering is op hande en die Kredietdepartement moedig klante aan om vroegtydig hulle aansoeke by hul stel te kom finaliseer.

Volgens Freddie Pohl (bestuurder: Krediet) sal die beoordeling van aansoeke aan die hand van die insetnorme van NWK se Landboubestuursdienste gedoen word. “Hierdie norme neem die wesenlike verhoogde insetkoste in aanmerking (*sien ook die artikel op bladsy 2*) en die sekuriteitsposisie kan hierdeur geaffekteer word,” het Freddie gesê.

Dit is die tweede jaar wat die nuwe Nasionale Kredietwet geld en derhalwe is alle aansoeke om produksiekrediet verpligtend. Klante word daaraan herinner om hul jongste finansiële state en bate-inventaris in te handig wanneer hulle aansoek om finansiering doen, terwyl nuwe aansoekers ook alle wetlik vereiste FICA-inligting moet saambring.

Al NWK se finansieringsprodukte is soos voorheen beskikbaar vir klante wat aan die neergelegde kriteria voldoen. Die gemelde koste-situasie word deurlopend in aanmerking geneem en waar enige spesiale reëlings of opsies hieromtrent sou voortspruit, sal die inligting na produsente deurgegee word.

Finansiering op ’n multi-risikobasis is hierdie komende produksiejaar ’n verdere beskikbare opsie en Fincrop Risk Management, wat die aansoekproses in dié verband administreer, kan hieroor gekontak word. Die kontakpersone is Dirk Kruger (082 857 8216) en Hannes Kruger (082 377 2614).

Volgende vergadering

Die volgende direksievergadering sal op 20 Augustus plaasvind.

Aandelenuus

Die aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 April 2008 tot 30 Mei 2008 soos volg verhandel:

NWK Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
160 207	R4,20
15 400	R4,25
28 536	R4,30
80 765	R4,50
284 908	

NWK Beherend Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
6 436	R2,81
136 630	R2,85
10 000	R2,86
153 066	

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/1159/1089/1160 skakel.

Dieselfde direkteure bly

Die volgende direkteure se ampstermyne het na afloop van die algemene jaarvergadering van NWK Beherend Beperk op 20 Junie verstryk: Christo van Niekerk (wyk 6), Heinrich Krüger (wyk 8), Erik Nel (wyk 9) en Coenie van der Merwe (wyk 11).

Hulle was egter die enigste persone wat weer in die onderskeie wyke genomineer is en is tydens die vergadering as verkose direkteure verklaar.

’n Spesiale bêreblad waarop al die direkteure met hul wyke asook die hoofbestuur verskyn, word saam met hierdie uitgawe van *NWK Koördinaat* versprei.

Algemeen

Goeie verkope by NAMPO oesdag gedoen

By vanjaar se NAMPO Oesdag, van 13 tot 16 Mei, was NWK se fokus op kleinhandelverkope.

’n Verskeidenheid produkte is te koop aangebied en die grootste trekpleister was beslis die Garmin GPS-toestelle. ’n Omset van R303 000 is oor die vier dae met die kleinhandelverkope behaal.

Die werkende skaalmodel van ’n NWK silo, wat deur Ingenieursdienste ontwikkel is, het ook groot aftrek by oud en jonk gekry.

Die bemarking van die nuwe Superior hondekos reeks deur Noordfed was ook baie suksesvol en hulle nuwe verpakking het veral beïndruk.

Noordwes Voere se span bemarkers, onder leiding van Fouché Langenhoven, was elke dag op hul pos om oesdaggangers met raad en daad rondom dierevoeding te voorsien.

Bestuur, asook die voorsitter en ondervoorsitter van die direksie, het op ’n roterende basis diens by die NWK stalletjie gedoen en sodoende ook die geleentheid gekry om met NWK klante en oesdaggangers te gesels.

NWK personeel was oudergewoonte op hul pos in die NAMPO-saal.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Bennie Joubert

Noordfed se bestuurder, Bennie Joubert, is 'n plaasseun wat in die Coligny-omgewing op die plaas Leeufontein grootgeword het. Hy is getroud met Lucea en hulle het vier kinders: Heinrich (12); Louise (7); Charné (6) en Emma (1).

Bennie het in 1992, na die voltooiing van sy BCom(Hons)-graad aan die Puk, by NWK in die Graan afdeling begin werk en ook 'n draai in die Finansies afdeling gemaak. Bennie is in 2005 as bestuurder by Noordfed aangestel. Voor dit was hy finansiële bestuurder by Noordwes Voere. Hy het ook sy MCom in finansiële bestuur aan Tukkies verwerf.

Sy visie vir Noordfed is om die besigheid as 'n markleier te vestig wat produkte van hoogstaande gehalte produseer en bemark. "Ek sien dit as 'n uitdaging om Noordfed volhoubaar winsgewend te bedryf en 'n aanvaarbare opbrengs op belegging vir aandeelhouers te realiseer," vertel Bennie.



Bennie Joubert

Volgens hom is die lekkerste deel van sy werk om te sien hoe mense en die besigheid ontwikkel en sukses bereik.

Aanstellings en skuiwe

Yolanda

Maryke

Leoni

- **Yolanda de Beer** is aangestel as administratiewe beampte: Komiteesake by Sekretariaat en sal ook behulpsaam wees met aandeleverhandeling.
- 'n Bekende gesig by Vloeibare Kunsmis, **Maryke Reichell**, wat in seisoentyd uitgehelp het, is nou permanent aangestel. Sy sal nou die bestellings en navrae oor bestellings by Vloeibare Kunsmis hanteer. Kontak haar by (018) 632-4690 of 082 895 2788/9.
- **Leoni Black** sal voortaan as verteenwoordiger vir Noordfed in Gauteng optree.
- **Leroy Boshoff** is die nuwe tweedehandse verkoopsverteenwoordiger by Noordwes VW, terwyl **Isaak Morakabe** as drywer by die afdeling aangestel is.
- Robert van Tonder (bestuurder: Sannieshof Meganisasie) het einde Maart na 36 jaar diens by NWK afgetree. Lourens van Vuuren, die heelgoedere bemarker in die area, is in sy plek aangestel.
- Kobus Venter (depotbestuurder: Geysdorp) skuif na Kameel na die aftrede van Ockert en Corra van Wyk einde Mei. Bessie Grové (Barberspan graandepot) los tydelik op Geysdorp af.
- Lodrick Barnard (depotbestuurder: Grootpan) het bedank en Daan Coetzee (Coligny graandepot) neem tydelik in sy plek waar.

Leroy en Isaac

'n Gelukkige leser kan hierdie Russell Hobbs *4 in 1 gourmet snack maker*, ter waarde van R670, wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Waar is NWK se eerste LandMark winkel geopen?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Johan Bezuidenhout, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks na (018) 633-1916 of e-pos *jbezuidenhout@nwk.co.za.* Inskrywings moet hom voor of op **8 Augustus 2008** bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan Pieter van Deventer van Lichtenburg wat die Kaufmann verkyker in die Mei kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – **nie NWK personeel nie**.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers Lichtenburg behartig.

NWK KOÖRDINAAT

NWK Koördinaat **is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can flu

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.